Skrifgedeelte: Johannes 16:32-33 en Johannes 17:20-23

Teksvers: Johannes 17:21

Tema: Hou goeie moed, God voleindig sy verlossingsplan deurdat Christus vir jou bid!

Ons lewe in `n baie moeilike wêreld wat ons só dikwels stroop van ons hoop en blydskap. Net hierdie week het minister Blade Nzimande die universiteitsraad voor die parlement geroep en met sy uitsprake probeer hy `n proses van transformasie afdwing. Hierdie raak van ons vriende, van ons familie en van ons lidmate.

Ons sien elke dag in die nuus of op sosiale media hoe gelowiges oor die wêreld aangeval en onderdruk word. Ons lees hoe ons kosbare geloof bespot word en ons God belaster word deur allerhande uitlatings. Nie dat dit wat TB Joshua doen noodwendig reg is nie, maar het jy al opgelet hoeveel mense spot God en ons christelike geloof op grond van dit wat gebeur het?

Verlede Sondag se preek het hard met baie van ons gepraat en heelwat van ons voel skaam en moedeloos as ons onsself só voor die Here stel en ons besef dat ons Hom net dien vir dit wat ons van Hom kan kry. Ons het die afgelope paar weke saam geluister na God se verlossingsplan vir die wêreld en dat ons as gelowiges `n besonderse rol daarin speel. Maar ook dit laat ons dalk met moedeloosheid in ons harte, want ons besef dan hóé vêr ons daarvan af is om hierdie verlossingsplan duidelik te maak met ons lewe.

"In hierdie wêreld sal julle dit moeilik hê...." en daarom bid Jesus Christus vir sy dissipels en vir ons! Hoe wonderlik is dit dat Jesus Christus vir ons, wat eeue later deur die woorde van Sy dissipels tot geloof kom, bid? Christus ons groot Hoëpriester tree vir ons in gebed in by ons Vader. In die Ou Testament het die hoëpriester 12 stene met die name van die 12 stamme van Israel op sy bors gedra om só die volk voor die Here te bring elke keer as hy vir hulle in die tempel moes gaan offer.

Só kom Christus, ons Hoëpriester met my en jou naam op Sy bors voor die genadetroon van ons hemelse Vader en bid Hy sonder ophou vir ons. Hy bid vir ons omdat Hy weet dat ons dit in hierdie wêreld moeilik gaan hê en dat hierdie moeilike omstandighede gaan veroorsaak dat ons ons oë van Hom afhaal en die oplossings in onsself probeer soek en dat die uiteinde daarvan is dat ons eenheid as gelowiges daaronder ly.

Want hoeveel keer gebeur dit nie, my broer en suster? As die monster van transformasie sy oë vir ons fladder, dan soek ons `n vangnet in ander posisies by ander besighede. As die wêreld ons God en ons spot, dan probeer ons ons geloof regverdig soos iemand wat `n leeu teen `n muis probeer beskerm. As ons gekonfronteer word met ons onvermoë om God se verlossingplan bekend te maak, probeer ons ons onvermoë regverdig. En in al hierdie dinge fokus ons só hierop dat ons eenheid met God en met mekaar daaronder ly, terwyl ons in werklikheid niks daaraan kan doen nie.

Maar Christus kan en daarom tree Hy vir ons in gebed in! Daarom dra Hy ons twyfel en ons moedeloosheid na die Vader toe en bid Hy dat ons as gelowiges een mag wees: een met Hom en met die Vader en een met mekaar, net soos wat Hy en die Vader een is!

Aan die een kant weet ons en glo ons dat ons reeds een met mekaar en met God is, omdat ons glo dat Jesus Christus vir ons sondes gesterf het en ons lewendig gemaak het. As Hoëpriester het Hy nie

net `n lam geoffer vir ons sondes nie, maar het Hy Homself as die sondelose Lam geoffer en só het ons een met God en met mekaar geword. Dit is tog wat ons in die Nagmaal vier – ons verhouding met God en met mekaar deur Jesus Christus!

Maar aan die ander kant maak God ons een, word ons nader en nader aan mekaar gebring en word hierdie eenheid duideliker wanneer ons saam groei in ons verhouding met God. In vers 22 hoor ons "...sodat hulle een kan wees net soos Ons een is." Dit beteken dat ons eenheid as gelowiges nie in onsself lê nie, maar in die feit dat God self Een is. Ons kan net een wees omdat God Een is. Hierdie eenheid van gelowiges is `n eenheid wat nie lê in vorme en strukture nie, maar in ons hartsgesindheid waar ons elke dag vir Jesus Christus en mekaar meer en meer liefhet.

Maar hierdie woorde in vers 22 leer ons ook iets anders van hierdie een-wees waarvoor Jesus Christus vir ons bid. In Grieks word hier drie woorde gebruik wat, as ons dit letterlik moet vertaal, soos volg klink: hy wat perfek of heel maak + tot/vir + een/eenheid. In Afrikaans beteken hierdie sin dus dat God ons tot hierdie eenheid beweeg. Ons kan nie hierdie eenheid self maak nie, maar God beweeg ons om een te wees en dit is waarvoor Jesus Christus vir ons bid!

En juis daarom kan ons ook hiervoor bid en só goeie moed hou. Jesus Christus wat hierdie wêreld oorwin het lewe in ons en ons in Hom en Hy bid vir ons! Ons lewe in `n onsettende, wonderlike eenheid met Hom en Hy bid dat ons een met mekaar kan wees en niks kan ons hiervan skei nie. Niks kan hierdie gebed van Jesus Christus ongeldig of kragteloos maak nie.

En die wonder van dit alles is, is dat wanneer God ons só een maak, die wêreld sal weet dat God vir Jesus Christus na hierdie wêreld toe gestuur het en dat God ons ontsettend liefhet. Wanneer God ons só een maak, hoef ons nie te soek na maniere om hierdie verlossingsplan duidelik te maak nie. Dan hoef ons nie onsself voor ander mense te regverdig oor dit waarin ons glo nie. Dan hoef ons nie vir ons agterdeure oop te hou wanneer die wêreld dit wil toemaak nie.

Wanneer God ons só een maak, omdat Jesus Christus vir ons bid, straal die boodskap van die genade, die liefde, die regverdigheid en die koningskap van Jesus Christus uit ons uit en sal dít die wêreld oortuig van God se verlossingsplan vir hierdie wêreld.

As jy vanoggend hier sit en dit voel vir jou asof die eenheid in ons gemeente, in ons kerkverband, onder gelowiges en jou eenheid met God deur hierdie moeilike wêreld gebreek word, nooi ek jou uit om twee dinge te doen: (a) bid dat God opnuut weer hierdie eenheid in jou lewe sal duidelik maak deur die werk van die Heilige Gees, en (b) kom beleef weer hierdie eenheid wat ons het deur nagmaal te gebruik.

Uit onsself kan ons nie hierdie eenheid maak nie, maar deur die Heilige Gees wat vir ons intree in gebed met woorde wat onsself nie eers kan uitspreek nie, kan ons bid en smeek dat God hierdie eenheid vir ons sal duidelik maak. Nie net is die Vader en die Seun in ons nie, maar die Heilige Gees woon ook in ons en daarom kan ons volhardend bid en smeek dat God hierdie eenheid vir ons `n realiteit sal maak.

Mag ons ook nou, wanneer ons saam nagmaal gaan vier, herinner word aan die offer van ons Here Jesus Christus waardeur ons een geword het en dat hierdie groot Hoëpriester ons voor die genadetroon van die Vader dra terwyl Hy ook bid vir ons eenheid. Hou daarom goeie moed, want God is besig om sy verlossingplan te voleindig deurdat Christus vir jou bid!

Amen